ATKV is 90 jaar.

Die magtige dreuning van die ATKV se 90ste bestaansjaar!

Hoor jy die magtige dreuning? Oor die veld kom dit wyd gesweef: die lied van ‘n volk se ontwaking, wat harte laat sidder en beef …

Kan jy dit voel? Dit is die ATKV se 90ste bestaansjaar! Hartlik geluk! ‘n Organisasie om op trots te wees, wat ons mooiste moedertaal – Afrikaans – beskerm en bevorder. Die ATKV bied talle geleenthede vir oud en jonk. Opwindend, innoverend met een doel voor oë: om ‘n liefde te kweek vir tale en Afrikaans vlerke te gee!

Vakansies, vure wat brand, Hartenbos, die see en menigte kompetisies is van my kosbaarste herinneringe. Julle voel soos familie en laat my hart warm klop vir Afrikaans.

Eers was dit net ‘n sagte geritsel in die wind; nou is dit ‘n magtige dreuning! Mag julle van krag tot krag gaan en mag die Here julle ryklik seën.

Van 90 jaar gelede tot nou,

ATKV – ek’s trots op jou!

Hou aan handhaaf en bou,

ons sal jou ondersteun – onthou.

Hoor jy die magtige dreuning?